Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 8 Junie 1949 Prys 3d. No. 29

# SKOOLDOGTER GESKOK NA BESOEK AAN PARLEMENT

## LEDE GEDRA HULLE SOOS KLEINSIELIGE SEUNS

**Die verval van die parlement wat vandag hoofsaaklik 'n propaganda-platform vir die politieke partye geword het en die gebrek aan erns onder lede wat gedurig probeer om kleinlikhede in die debatte in te sleep of anders net toesprake hou wat vir die kiesers bedoel is omdat hulle besef dat dit weens party-dissipline hopeloos is om 'n teenstander „aan die oorkant van die raad" te probeer oortuig, was die afgelope week 'n onderwerp van skerp kritiek in die Engelse pers na aanleiding van 'n brief van 'n 15-jarige skooldogter wat die volksraad vir die eerste keer gade geslaan het en die parlementshuis geskok en ontnugter verlaat het.**

Hierdie dogter, Margaret Roberts van Kenilworth, skryf in die Cape Argus: „Ek het die aandsitting van die parlement Woensdag bygewoon en ek wil graag my indrukke van die mense wat die land regeer gee. Ek wonder, in die eerste plek, of hierdie mense besef dat die veiligheid en die lewe van baie mense op hulle skouers rus.

„Hulle skyn, veral een van die Nasionale sprekers, te probeer om die debat in 'n soort van ,Intiem Die Uwe'-verskeidenheidsprogram te verander. **Die meeste van die wenke is hoofsaaklik aan die hand gedoen om ander lede van hul party te laat lag — met 'n algehele veronagsaming van nuttigheid of maniere.**

„As 'n geheel het ek die indruk gekry dat dit hier nie 'n liggaam van manne was wat uit hul verstand put vir die heil van die land en die volk nie, maar dat elke spreker bloot probeer het om 'n hou in te kry teen een van die lede van die opponerende party.

### SOOS SKOOLSEUNS

„Wanneer 'n lid van die Arbeidersparty opstaan om te praat, sit baie van die lede van die ander partye terug en lyk so geammuseerd soos 'n klomp kleinsielige skoolseuns en die onderwerp van bespreking was werkloosheidsversekering!

**„Baie lede het nie eers geluister nie en ek het gedink dat al wat hulle kortkom om hulle gelukkig te maak 'n pak kaarte is.**

„Ek is slegs 15 jaar oud en weet nie veel van die politiek af nie, maar enigiets minder as 'n ernstige debat kon ek my nie voorstel nie. Ek hoop eerlik dat dit nie elke aand gebeur nie."

### GEEN VERSKONINGS

Met verwysing na moontlike verskonings wat daar vir die parlement aangevoer kan word, skryf die Cape Argus na aanleiding van die brief, in 'n inleidingsartikel: **„Maar hierdie dinge is geen ekskuus vir die swak logika of swak maniere nie. Gans te veel van die toesprake tydens die debatte word gerig aan die kiesers in plaas van aan die werklike gehoor. Daar is te veel ywer om 'n paar punte op teenstanders te wen en om grappe te maak, en daar is te dikwels 'n gevoel dat aangesien die stemmery ooreenkomstig die partydissipline sal wees eerder as op die meriete van die besprekings, dit heeltemal nutteloos is om enigiemand van enigiets te oortuig.**

„Nog slegter as dit alles is die betreurenswaardige gewoonte om motiewe wat tot oneer strek uit te vind en dit dan om die nek van politieke teenstanders te hang. Sulke dinge mag 'n alledaagse verskynsel vir geharde politici wees, **maar dit is goed dat hulle soms daaraan herinner word dat daar jong mense is wat 'n ideaal het oor wat die parlement moet wees en wie se ontnugtering nie tot voordeel van die volk is nie."**

### Uitbundige Gelag

**Die Cape Argus berig ewe saaklik dat tydens die debat in die volksraad oor die land se geldelike krisis, 'n agbare lid onder „uitbundige gelag" gesê het: „Die Minister sê ons moet kasterolie drink en die gevolge daarvan dra."**

**Die skooldogter van wie 'n berig hierbo verskyn, kan van geluk spreek dat sy die debat oor werkloosheid bygewoon het, en nie dié oor die land se geldelike krisis nie!**

# BOM SE OOG WAS DUITSE UITVINDING

**'n Tyd gelede is daar in Amerika aangekondig dat Amerikaanse deskundiges 'n „oog" uitgevind het wat voor aan 'n bom gesit word sodat die bom sy doelwit kan „sien" en selfs agtervolg. Dit het nou aan die lig gekom dat dit geen Amerikaanse nie, maar 'n Duitse uitvinding is wat die Amerikaners in Duitsland geroof het.**

Die oog bestaan uit 'n televisietoestel wat soos 'n oog lyk en dit is in staat om radiobeheerde vuurpyle te stuur. Die toestel het eenhede gehad wat ooreenstem met die pupil en netvlies van die oog, asook met die optiese senus en die spiere van die oog. Dit kon die doelwit agtervolg maar om een of ander rede het die Duitsers dit nooit gebruik nie.

Die oog het van 'n beweeglike spieel gebruik gemaak wat die skyf van die kamerabuis weerkaats het. Dit het elektriese impulse na die vuurpyl se stuurtoestel gestuur wat dit dan gedurig op die skyf gehou het. Die hele toestel was tien duim lank en het slegs vier pond geweeg.

# 8 AUGUSTUS DOEN 'N BEROEP OP O.B.-EER

## Kommando's Spring Weg Met Reelings

**Die meeste kommando's van die Ossewabrandwag sal seker vanjaar Fondsdag hou op Saterdag, 6 Augustus, omdat die eintlike dag, 8 Augustus, op 'n Maandag val. Hierdie jaarlikse fondsinsamelings verskaf die noodsaaklike middele vir die voorligting en organisasie van die Ossewabrandwag. Elke offisier en Brandwag is terdeë bewus van die belangrike plek wat Fondsdag in die raamwerk van die Beweging inneem. Trouens hulle het in die verlede gereeld tasbare bewys daarvan gelewer.**

**Miskien is die voortbestaan van die Ossewabrandwag in die eerste instansie te danke — nie soseer aan die leiers nie — maar aan die vroue van die Beweging wat jaar na jaar blymoedig WERK vir die O.B. en aan die manne wat jaar na jaar met lus GEE vir die O.B. en aan die Boerejeug wat jaar na jaar hul kinderoffers getrou kom stort.**

En dit is reg ook dat die voortbestaan van die O.B. afhanklik moet wees van die geld, die werk en die offers van die man, die vrou en die kind — **want die Ossewabrandwag is mos Volksbeweging.**

Afgesien van die eie momentum wat die tradisie van Fondsdag reeds geskep het, gaan daar vanjaar twee bykomende faktore wees wat beslis die fondsinsamelings gaan beïnvloed.

### TWEE FAKTORE

Die eerste faktor, nl. die gerugte wat deur ons vyande versprei word as sou die O.B. wil ontbind, gaan die insamelings ten nadele beïnvloed. **Dit is derhalwe die plig van offisiere om die onjuistheid van sodanige berigte onder die aandag van Brandwagte en ondersteuners van die O.B. te bring en om hulle in te lig oor die voortdurende taak en roeping van die O.B. wat nie ontwyk kan of mag word nie.** Sodoende moet offisiere verseker dat Brandwagte en ondersteuners ook hierdie jaar hul bydrae lewer soos in die verlede.

### GUNSTIG

Die tweede faktor gaan die insamelings gunstig beïnvloed. **Vir die eerste keer sedert sy ontstaan het die O.B. in hierdie jaar, 1949, die enigste uit-en-uit republikeinse organisasie in ons land geword.** Die O.B. moet alleen voortgaan omdat ander uitgesak het. Dit is nie alleen rede tot trots vir die O.B. nie, en 'n pluimpie vir die koersvastheid en uithouvermoë van die

(vervolg op bladsy 8, kol. 5)

**DIE O.B. is vandag die enigste republikeinse blad in die land. Hy is die enigste pleitbesorger vir die tradisionele standpunt van die Afrikaner wat los van die Britse Empire wil staan. Gee dit aan u republikeinse vriend en vra hom om daarop in te teken.**

# Offisiere Verwerp Empire Republiek

**Die offisiere van die Kaapstadse generaalskap (A1) het verlede Maandagaand onder voorsitterskap van genl. De Villiers Truter in die Vriendskapsentrum vergader om beleid en organisasie te bespreek. Die vergadering was gekenmerk deur 'n aansteeklike geesdrif en groot besieling het daarvan uitgegaan.**


Genl. Truter en sy offisiere is voornemens om 'n uitgebreide organisasie- en voorligtingsveldtog te loods en die vroue se reëlings vir 8 Augustus is reeds in die haak. „Generaalskap A1 moet in elke opsig die eerste onder die twintig generaalskappe van Gebied A wees," het genl. Truter onder applous van sy offisiere verklaar.

Na die bespreking oor beleid is die volgende besluit aangeneem:

„Hierdie offisiersvergadering van generaalskap A1 wil hulle eenparig vereenselwig met die verklaring van die U.R. van die Ossewabrandwag in verband met die noodsaaklike voortbestaan van die Beweging as draer van die onvervalste republikeinse ideaal.

**„Ons beskou die nuwe beleid van die Eerste Minister, naamlik om te streef na 'n republiek binne die Britse Statebond as 'n gevaarlike afwatering van die vryheidsideaal van die Afrikanervolk. Sodanige beleid moet onvermydelik tot gevolg hê dat goeie republikeine uiteindelik pleitbesorgers van die handhawing van die Britse konneksie sal word, soos meermale in die verlede gebeur het.**

**„Ons betuig opnuut ons onverdeelde trou aan die Ossewabrandwag en onderneem om voort te stry vir 'n republiek los van die Britse Statebond en geskoei op Afrikaanse lees."**



## Vandag se pennie is môre se pond

. . . . of, besparing verryk!

Sedert sy vroegste jare het VOLKSKAS spaarsin by die Volk aangemoedig en fasiliteite vir besparing daargestel. Tans het VOLKSKAS uitgegroei tot 'n handelsbank van landswye omvang, maar hy verwelkom en dien nog steeds die „klein spaarder" en bied nog dieselfde aantreklike spaar- en beleggingsfasiliteite aan.

Bespreek hierdie fasiliteite met u naaste takbestuurder.

VOLKSKAS

BEPERK (Geregistreerde Handelsbank)

HOOFKANTOOR: PRETORIA

New York Agente: Chemical Bank & Trust Co.
Londen Agente: Lloyds Bank Limited

# Verkiesings Oor Kleur Sal Lei Tot Blanke Ondergang Sê Kerkman

**Die mening dat dit 'n tragedie is dat daar verkiesings tussen blanke partye geveg word oor die naturellevraagstuk, word uitgespreek deur ds. P. J. Viljoen in 'n artikel in Die Kerkbode oor die sending waarin hy onder meer die kleurverhouding behandel. Hy doen aan die hand dat die kerk 'n poging behoort aan te wend om die naturellevraagstuk bokant die partypolitiek te verhef. Dit is dringend noodsaaklik dat 'n naturellebeleid uitgewerk word waarop die hele blanke bevolking, of altans die groot meerderheid van blankes, sal saamstaan — 'n beleid wat die voortbestaan van die blankes sal waarborg en wat tegelyk die vrye en onbelemmerde ontwikkeling van die Bantoe sal waarborg.**

**In verband met die verstedeliking van die naturel, skryf ds. Viljoen: „Ons sien die mense van ons arbeidsveld as werktuie en nie as siele nie, in die lig van ons eie belang en nie in die lig van die evangelie nie, ons wil uit hulle haal wat ons kan en nie aan hulle gee wat ons kan nie. Kan ons ons verbaas as ons nie vorder nie, dat verhoudinge versleg en nie verbeter nie, dat die vraagstukke altyd toeneem en vir geeneen 'n oplossing gevind kan word nie?"**

Ds. Viljoen vervolg: „Ek het gesê ons staan teenoor hulle. Dit is soos die oorgrote meerderheid van die blankes dit sou stel, want ons is maar te geneig om in die naturel 'n bedreiging te sien. **Indien hy 'n bedreiging is en al meer 'n vyand word, is dit ons eie skuld. Dis die oes wat ons maai omdat ons die saad van ons eie belang gesaai het en nie genoegsaam die saad van die woord van God nie. Maar hy is geen bedreiging nie en hy behoort geen vyand te wees nie. Hy is 'n bate vir ons land, een van die grootste bates van ons land.** Neem hom weg en ons hele volkslewe sal ontwrig word soos die volkslewe van die Egiptenare ontwrig is toe die Israeliete weggetrek het. As dit moontlik is, sal die geskiedenis hom herhaal en ons sal gewapend uittrek om hulle terug te bring.

### KAN NIE ONDERDRUK

„Maar hulle is meer as net 'n bate vir ons land. Hulle is burgers van die land, mense wat lank voor ons die land ingetrek het. Hulle is nog nie volwaardige burgers van ons land nie omdat hulle nog in 'n onmondige staat verkeer. **Volle burgerskap op hierdie stadium sal vir hulle sowel as vir ons noodlottig wees. Maar die ideaal van volle burgerskap het by hulle ontwaak en ons durf en kan dit nie onderdruk nie.** Die moontlikheid moet vir hulle geskep word om tot volle burgerskap te ontwikkel in eie kring en sover moontlik oor eie belange."

Voortgaande behandel die skrywer die apartheidsbeleid: „Maar die beleid van apartheid is nie net inkorting nie, en die doel daarvan is nie onderdrukking nie, **maar ontwikkeling, opbou, opheffing, groter voorregte en regte, ooreenkomstig eie aard, aanleg en vermoëns.** Deur die eise van die praktyk staan die beperkings en inkortings wat hierdie beleid vereis, in helder kleure uit en trek dit almal se aandag, en die voordele wat dit meebring is vir 'n later dag. **Daarom behoort daar veel minder gepraat te word oor die ontneming van voorregte en veel meer oor die ideale en voordele van apartheid. Ons moet ophou om die saak negatief te stel.** Hierin behoort die Kerk die voortou te neem . . . ."

### TRAGEDIE

**„Hoe ons sake ook beskou, dit bly 'n tragedie dat die twee-en-'n-half miljoen blankes van ons land twee verkiesings beveg het oor die beleid wat gevolg moet word in die behandeling van die nege miljoen naturelle, kleurlinge en Indiërs.** Aan so 'n stryd kon die kleurling deelneem, maar die naturel en die Indiër het nie onverskillig daarteenoor gestaan nie. In 'n deel van die blankes het hulle hul beskermers gesien, en in die ander deel hul onderdrukkers. **En bewustelik het die blankes daarop aangestuur om hierdie opvatting te laat ingang vind. Die uiteindelike resultaat is verlaging van die prestige van die blanke in die oog van die naturel. Dit moet uiteindelik op wantroue in alle blankes uitloop. Op hierdie pad stuur die blankes eenvoudig af op selfmoord. Hulle durf nie voortgaan met hul onderlinge stryd oor die naturel, kleurling en Indiër, met hierdie mense as toeskouers, toehoorders en uiteindelike arbiters in hul eie saak nie.**

### MOET SAAMSTAAN

„Ware staatsmanskap eis dat die blankes in hierdie saak, wat 'n saak van lewe en dood geword het, sal saamstaan. Dis dringend noodsaaklik dat 'n naturellebeleid uitgewerk sal word waarop die hele blanke bevolking, of altans die groot meerderheid van die blankes sal saamstaan — 'n beleid wat die voortbestaan van die blankes sal waarborg en tegelyk die vrye en onbelemmerde ontwikkeling van die Bantoe. **Die Kerk behoort 'n poging aan te wend om hierdie saak bokant die partypolitiek te verhef. Ek het op die oog 'n samekoms van die leiers van die verskillende groepe in ons volkslewe ten einde die saak openlik en openhartig te bespreek en te probeer om tot 'n algemeen aanvaarde beleid te kom.** So 'n byeenkoms sal net slaag as die Woord van die Here tot rigsnoer geneem word en almal vooraf ooreenstem om voor sy gesag te buig."

Ten slotte verklaar die skrywer: „Ons staan 'n regverdige beleid van apartheid voor, nie allereers om die blanke en blanke beskawing te red nie; dit ook wel, **maar omdat ons vas in ons siel oortuig is dat dit klaar sal wees met die Christendom as die blanke die suiwerheid van sy ras gaan inboet. Vir ons is dit die enigste manier waarop die Christendom die oorwinning kan behaal oor die heidendom."**

# KEUR PARTYPOLITIEK IN STADSRADE AF

**'n Sterk veroordeling van die verskynsel dat partypolitiek besig is om in stadsrade en munisipaliteite in te sypel, is op die kongres van stadsklerke uitgespreek deur die stadsklerk van Durban tydens die Kongres aldaar. Ander sprekers het hulle hierby aangesluit.**

Mnr. H. Preiss (Durban) het die verskynsel dat baie stadsrade deur partypolitiek beheer word, as „ongelukkig" beskryf. As dit eers die geval is, kom die meerderheid in 'n koukus bymekaar waaruit die amptenare geweer word.

Mnr. M. B. Williams (Kaapstad) het gesê dat dit 'n tragedie is as partypolitiek stadsrade gaan oorheers.

Mnr. J. C. Els (Die Strand) het gesê dat partypolitiek tot so 'n mate in munisipale bestuur ingesypel het, dat dit uiteindelik daartoe sal lei dat munisipale verkiesings op politieke grondslag gevoer word.

Afkeuring van partypolitiek in munisipale sake is ook deur ander afgevaardigdes uitgespreek.

# Partypolitiek Moet Weer Uit

**'n Pleidooi dat lede van die Natalse Provinsiale Raad nie toesprake van 'n partypolitieke strekking buite of binne die raad moet hou nie, is gelewer deur mnr. C. T. J. Hannah, Nasionale L.P.R. vir Vryheid.**

**Mnr. Hannah het gepraat tydens die begrotingsdebat en gesê dat die provinsiale raad nie 'n politieke liggaam is nie.**

Hoe inkonsekwent hierdie stelling is spreek baie duidelik uit die feit dat die Eerste Minister voor die onlangse provinsiale verkiesing duidelik onderstreep het dat die provinsiale verkiesing op partylyne gevoer sal word en dat dit sal gaan oor die naturelle-vraagstuk.

**Mnr. Hannah sal dus nie veel kan vermag in sy lofwaardige poging om die partypolitieke draak uit die provinsiale raad te sleep nadat dit daar 'n sitplek deur veel hoër gesag toegeken is nie.**

**Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.**

# Swaar Toets Vir Min. Strydom Se Republikanisme

## Lesse Uit Geskiedenis Stem Tot Ontmoediging

**Min. J. G. Strydom, Transvaalse leier van die H.N.P., het verlede week by geleentheid van 'n oorwinningsfees weereens gepraat van die einddoel van die Afrikaner om 'n „republiek te word onafhanklik van enige ander nasie." Hy het gesê dat die groots moontlike onafhanklikheidsgevoel een van die noodsaaklikhede is vir die voortbestaan van die blanke ras. In O.B.-kringe sal daar blydskap wees om te verneem dat mnr. Strydom darem nog 'n selfstandige mening oor die republikeinse ideaal het, en dat daar van sy kant erken word dat ons nog nie die volle onafhanklikheid bereik het waarmee sy hoofleier spog nie.**

Die tyd sal egter nog moet uitwys of min. Strydom daarin sal slaag om die nasionale republikeinse — in teenstelling met die Britse republikeinse — ideaal binne die H.N.P. te red waar die hoofleier van die party reeds baie prontuit verklaar het dat hy in **„enige omstandighede binne die Britse Statebond wil bly, selfs al word Suid-Afrika 'n republiek".** Die geskiedenis het geleer dat 'n hoofleier eintlik die eienaar van 'n politieke party is. Dit is hy wat deur die partypers voorgehou word as 'n reus, as 'n volksredder en groot staatsman, 'n man wat niks verkeerd kan doen nie. **Daarom het die geskiedenis ook geleer dat harde republikeine uiteindelik harde „Sappe" geword het omdat hul koerante aan hulle vertel het dat watter wyse hoofleier hulle het, 'n man wat soveel verder sien as hulle dat hulle hom liewers nie lastig moet kom val met republikeinse kortsigtigheid nie.**

### „LEIER ONTEER"

En waar min. Strydom se eie koerant, Die Transvaler, klaar reeds republikeinse proteste stilgemaak het met die beskuldiging dat hulle dr. Malan „onteer" en „in sy groot werk" belemmer, daar behoort dit vir mnr. Strydom 'n aanduiding te wees van watter kanse hy op die lange duur sal hê om op te weeg teen sy hoofleier se verkeerde koers.

Dit is tog 'n bekende feit dat die hoofleier as eerste minister of aspirant-eerste minister alle mag besit, en mnr. Strydom het dit self ervaar toe hy in die kabinet 'n junior-pos toegeken is tenspyte van die feit dat hy as die sterkste provinsiale leier

(Vervolg op bladsy 6 kol. 4)

TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY. BPK

'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.

• BRAND • ONGEVALLE
• MOTOR • MARINE, ENS.

Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS
HOOFKANTOOR:
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER"
AGENTSKAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA
AANSOEKE VIR AGENTSKAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG
ALGEMENE BESTUURDER - - A. C. KILBURN

G 24029




Rook
SPRINGBOK
Medium
DIE GELUKKIGE KEUSE

DIE O.B., WOENSDAG, 8 JUNIE 1949

# DIE PAD NA NÊRENS

„Dit sal jare duur voordat die regering die warboel waarin die Smuts-bewind die naturellevraagstuk laat beland het, ontrafel sal hê." Hierdie teleurstellende woorde het die volk verlede week uit die mond van die Minister van Naturellesake verneem. Dit is woorde van besondere betekenis, want daarin lê opgesluit die hoop of wanhoop van diegene wat op 26 Mei verlede jaar die Smuts-bewind omver gewerp het terwille van die oplossing van die naturellevraagstuk.

Uit die mond van 'n Minister word nou erken dat dit nog jare sal duur voordat die warboel waarin die vorige bewind die vraagstuk laat verval het nog maar „ontrafel" sal word — om liewer nie te praat van die oplossing self nie. Wanneer ons dit sê is dit nie met die doel om die regering te veroordeel nie. Wat min. Jansen gesê het, is ongetwyfeld baie waar, ongelukkig te waar, maar as dit dan waar is, is dit ook ons plig om die volk in te lig omtrent die rede dat so 'n verklaring waar is. **En dan is dit ook ons plig om die volk te waarsku dat die kanse dat ons veel verder sal kom as die „ontrafeling" van die Smuts-warboel baie gering is, want die wisselgang van politieke partye aan bewind is soos die sand wat heen en weer vloei in 'n sandglas — elkeen weet dat die oomblik maar te gou kom dat dit leeggeloop is, en dat die glas weer onderstebo gekeer word.**

## WISSELING VAN TEENSTELLINGS

Ons voorsien dus dat nog voordat die „ontrafeling" van die Smuts-warboel behoorlik voltooi is, sodat met die opbouwerk begin kan word, daar al weer 'n nuwe regering sal wees wat op sy beurt weer sal praat van die warboel van die vorige regering wat eers na jare ontrafel sal wees.

En hoe kan dit anders? Die regeringstelsel wat ons van Brittanje oorgeneem het maak voorsiening vir 'n omwisseling van partye met teenoorgestelde „beginsels". Daar moet 'n amptelike en betaalde opposisie wees wat as „alternatiewe regering" 'n beleid volg wat in regstreekse opposisie is met die party aan bewind. Sy taak is om die regering te kritiseer en as hy sy sout werd wil wees — en min opposisies is in hierdie opsig nie hul sout meer as werd nie — moet hy op elke punt van regeringsbeleid 'n teenoorgestelde beleid proklameer. **Wat die volk dus uiteindelik kry om tussen te kies, is twee teenoorgestelde beleidsprogramme. Geen middeweg is moontlik nie. Dit is 'n keuse tussen 'n minus en 'n plus. Dit is die keuse tussen 'n westelike of 'n oostelike rigting. Alle ander rigtings sit op die „dwarsbanke" as uitgesaktes — partytjies wat nie die paal kon haal in die wedloop om erkenning as die „amptelike opposisie" of „alternatiewe regering" nie.**

## OOSWAARTS

Met Party A aan bewind is die staatsrigting dan ooswaarts. Vir vyf of tien jaar lank beweeg daardie party in 'n oostelike rigting met die oplossing van die vraagstukke. Maar na vyf of tien jaar is sy sand uitgeloop en bring die kiesers weer die „alternatiewe regering" of „amptelike opposisie" met sy westelike rigting aan bewind. **Dan beweeg die staat weer terug na wes in die oplossing van sy vraagstukke. Alles wat die vorige regering gedoen het ter oplossing van 'n vraagstuk, word deur die nuwe regering, Party B, beskou as 'n „warboel," as stappe verder weg van die oplossing van die vraagstuk. Hy breek dus alles af wat die vorige regering teweeggebring het totdat hy die grenslyn tussen oos en wes bereik, vanwaar hy begin opbou — die punt waar die warboel klaar „ontrafel" is, en waar hy dan met sy positiewe maatreëls kan begin in die teenoorgestelde rigting.** Maar aangesien dit ook jare neem voordat hy daardie punt bereik, is sy regeringsbeurt ook al weer beëindig teen die tyd dat hy met sy opbouwerk wil begin. **Geen party kry dus ooit juis iets meer reg as om net die ander se „warboel" te „ontrafel" nie.** Daarom dat Suid-Afrika dan ook vir die afgelope twintig jaar verkiesings veg oor die oplossing van die naturellevraagstuk en nog maar presies staan waar hy twintig jaar gelede gestaan het — behalwe dat die vrees vir die blanke voortbestaan tans groter is as 'n halwe leeftyd gelede.

**In die ou Republieke daarenteen was daar voortsetting van regering, want alle menings van die volk was in die regering verteenwoordig, en wat die regering dus gedoen het, is deur almal as opbouwerk aanvaar, hoewel almal miskien nie op alle punte saamgestem het nie. Maar wat deurgevoer is, was volksbeleid omdat die regering 'n volksregering was, en dit het dus die stempel gedra van die hele volk sodat daar geen behoefte of plig bestaan het om dit te „ontrafel" nie.**

Dit is hierdie stelsel waaraan Suid-Afrika so 'n groot behoefte het vandag waar vraagstukke wat oor jare deur opeenvolgende partye verknoei is, dreig om ons te oorweldig.

# REGERING SE POLITIEKE BOEKE NAGEGAAN

## *Balansstaat: 26 Mei 1948 — 26 Mei 1949*

**Op 26 Mei 1949 was dit presies één jaar dat die bestuur van Suid-Afrika op enigsins onverwagte wyse van die Smutsregering oorgegaan het in die hande van die Malan-Havenga-kombinasie. Watter groot verwagting is daar toe gekoester, watter vooruitsigte gestel!**

### I. — MATERIEEL

| *KREDIETE* | *DEBIETE* |
|---|---|
| 1 Redelike vertroue van buitelandse en binnelandse beleggers en besigheidslui. | 1 Oorlogskulde (geërf). |
| 2 **Stigting van die Finansierings- en Beleggingskorporasie.** | 2 Uitgeputte goudreserwe (do). |
| 3 Enige sukses met Louw-col. | 3 Hoë lewenskoste (do). |
| 4 **Belastingverligting.** | 4 Invoerbeheer en -beperkings. |
| 5 Verantwoordelike ekonomies-finansiële beleid met nadruk op matigheid. | 5 Vleistekort (geërf). |
| 6 Minder vleischaos. | 6 Woningtekort en huurbeheer (geërf). |
| 7 Witbrood. | 7 Hoë lewenskoste (geërf). |
| 8 Verligting van huurbeheer. | |
| 9 Beter voorwaardes vir goudverkoop. | |
| 10 Bylegging van mynwerkersgeskil. | |
| 11 Ondersoek na toestande in klerewerkersunie. | |

### II. — RASSEBELEID: Apartheid en Voogdyskap

| *KREDIETE* | *DEBIETE* |
|---|---|
| 1 **Apartheid op Skiereilandse treine en ander spoorwegstasies.** | 1 **Tot dusver nog geen duidelik geformuleerde, konkrete apartheidsbeleid.** |
| 2 **Toestemming om Bantoe-vakmanne in boubedryf vir Bantoe-behuising toe te laat.** | 2 Uitspraak van Minister dat Naturelle nie van plase en uit stede verwyder sal word nie. |
| 3 Aanstelling van Kommissie van Ondersoek na Bantoe-onderwys. | 3 Versoek dat Naturelle-trustgronde aan boere verkoop word. |
| 4 Herroeping van Indiërwetgewing. | 4 Weiering om aan Naturelle eie treinpersoneel toe te staan. |
| 5 **Optrede teen Dadoo en vergaderings van Kahn en verdere beloftes teen Kommunistiese opsweping.** | 5 Staking van Naturelle-skoolvoeding. |
| 6 **Wet op Gemengde huwelike.** | |
| 7 Belofte van aparte kieserslyste. | |
| 8 Belofte van Bantoe-mediese Skool. | |
| 9 Belofte om Bantoe-ouers instaat te stel om hulle kinders self te voed. | |
| 10 Staking van beurse vir Bantoe-studente aan Wits. | |
| 11 Poging om rassekwessie uit partypolitiek te lig. | |

### III. — NASIONAAL

| *KREDIETE* | *DEBIETE* |
|---|---|
| 1 Nouer samewerking tussen H.N.P. en A.P. | 1 **Nog nie op „speaking terms" met O.B.** |
| 2 Groter vriendskap tussen V.P. en H.N.P. | 2 **Veto A.P.-kandidate op grond van O.B.-lidmaatskap.** |
| 3 Opheffing van verbod op A.B. en O.B. | 3 Dreigement van vervolging van O.B.-leiers op klag van skakeling met Duitsland. |
| 4 Ondersoek na diskriminasie teen Afrikaners in Spoorwegdiens. | 4 Skinderveldtogte teen O.B.-leiding. |
| 5 Amnestie aan „Oorlogsmisdadigers" en politieke gevangenes. | 5 Belangrike staatsdokumente nog in hande van Harry Lawrence. |
| 6 **Beëindiging van dubbelmedium-onderrig.** | 6 **Dissosiasie met C.N.O.-beleid.** |
| 7 Simpatieke houding teen Afrikaanse kulturele organisasies en kerke. | |

### IV. — INTERNASIONAAL

| *KREDIETE* | *DEBIETE* |
|---|---|
| 1 Manmoedige houding op V.V.O. en oorwinning oor Indië. | 1 Wantroue oor Suid-Afrika se rassebeleid (geërf). |
| | 2 Bewerings van Naziïsme. |

### V. — STAATKUNDIG

| *KREDIETE* | *DEBIETE* |
|---|---|
| Geen. | 1 **Prysgawe van Republikeinse strewe.** |

## *VERSLAG VAN 'OUDITEUR' NA EEN JAAR*

In enige goedbestuurde besigheid is dit gebruik om ten minste aan die einde van elke boekjaar deur die ouditeure 'n balansstaat te laat opstel, om bates en laste te vergelyk, om na te gaan of stagnasie, voor- of agteruitgang ingetree het, en om verslag te doen aan die aandeelhouers. En hoewel dit regerings gegun word om slegs vyfjaarliks verslag te doen van hulle bestuur en trusteeskap, is dit tog van belang dat mense buite die belanghebbende partye jaarliks, al is dit nie-amptelik, 'n ouditeursrapport opstel, om op die wyse makliker te kan oordeel na die einde van vyf jaar. 'n Volk vergeet immers so gou!

Laat ons dan probeer nagaan wat die boeke van die regeringskoalisie aantoon. Eerstens, bil-

*Deur J. H. Coetzee*

likheidshalwe is dit nodig om rekening te hou met die geërfde boedel. Die nuwe direksie moes die geërfde chaos tot orde bring. Dit was geen gemaklike saak nie, derhalwe moet by enige beoordeling van die nuwe direksie se prestasies en/of mislukkings daarmee rekening gehou word. Ek groepeer die items onder vyf hoofde, en waar dit geërfde krediete of debiete is, word dit sodanig aangetoon.

Bloot op die getal af het die kredietkant meer items as die debietkant. Maar daarna kyk die ouditeur nie — hy vra na die waarde wat die items verteenwoordig. Dus moet ons die vyf poste noukeurig ontleed en waarde teenoor waarde stel.

(a) **MATERIEEL:**

**Op ekonomies-finansiële gebied, met insluiting van landbou en arbeid, het die „direksie" die meeste sukses gehad. Hiervoor kom die meeste eer ongetwyfeld aan min. Havenga toe. Opmerklik is dit derhalwe hoe weinig erkenning die vennootparty erkenning kry in H.N.P.-kringe en van die H.N.P.-pers en sprekers.** Die oningewyde kry maklik die indruk asof die H.N.P. alleen aan bewind is. In elk geval min. Havenga het die voorspellings — of wensdenkery — van politieke vyande en teleurgesteldes, onwaar betoon: hy het die binnelandse finansies in 'n veiliger rigting begin stoot en uit die vaarwaters en draaikolk waarin sy V.P.-voorgangers dit laat beland het, begin uitmaneuvreer; hy het die vertroue van buite- en binnelandse besigheidslui; hy het selfs wysigings kon afding t.o.v. die internasionale goudbeleid, en dit alles sonder om sy aanvanklike belastingverminderings ingrypend te wysig.

Hoewel die oorgeërfde las van hoë lewenskoste getors moet word, en daarby 'n addisionele debiet van strenge invoerbeheer gevoeg word, oortref die regeringskrediete, wat hierdie pos betref, ongetwyfeld die debiete, veral as die geërfde items buite rekening gelaat word.

(b) **RASSEBELEID: Apartheid en Voogdyskap:**

Die huidige regering het aan bewind gekom hoofsaaklik met

(Vervolg op bladsy 6 kol. 2)

# Waarom die Stryd En Skeuring?

**„Republikein", Stellenbosch, skryf:**

As Afrikaner en republikein wil ek uit my hart dankie sê aan Die O.B. vir die eerlike republikeinse leiding wat die blad gee. Dit is ons lot om in 'n tyd te leef wanneer 'n Afrikaanse leier ons nasionaliste se republikeinse ideaal in Londen gaan verengels het — en dit om die Britse Ryk te behou!

Ek wil probeer om nie bitter te word nie, maar dit is darem baie swaar om daaraan te dink dat 'n D. F. Malan (van wie ons geleer is om so baie te verwag) in Londen geswig het voor die Engelse diplomate en daar in die Britse Nes ons nasionale republiek verloën het vir 'n Engelse republiek, dit is vir 'n republiek binne die Britse Statebond, m.a.w. vir 'n REPUBLIEK met behoud van die BRITSE KONNEKSIE!

Maar dit is dubbeld swaar om daaraan te dink dat dr. Malan dit gedoen het om die Britse Ryk van verbrokkeling te help red. Om te verhoed dat lande van die Britse Statebond nasionale republieke buite die Statebond word, was dr. Malan voorperd op die konferensie om vir hulle die „reg" te gee om Engelse republieke te word. En boonop het dr. Malan hierdie sg. „reg" in Suid-Afrika kom aanprys terwyl hy leier bly van mense wat 'n nasionale republiek nastreef.

Ek sê dis swaar om aan hierdie dinge te dink sonder om bitter te word.

Die O.B. is reg: dr. Malan het Brits geword. Soos hy dit self uitdruk — die Empire het beslag gelê op sy gees. En die kongresse van die ou Gesuiwerde Nasionale Party was ook reg: dr. Malan moes nooit oorsee gegaan het nie. Die O.B. doen reg om te pleit sonder ophou en sonder aansien des persoons vir die nasionale republiek — die enigste ideaal van die Afrikanervolk.

Daar is twee sake wat ek voel baie pertinent onder die aandag van die volk gebring moet word omdat dit te doen het met eerlikheid en motiewe in ons openbare lewe.

Nommer een. In die lig van dr. Malan se pro-Britse beleid van 1949 verrys die volgende vrae: Waarom het dr. Malan nie in 1933 saam met wyle genl. Hertzog gesmelt nie? Waarom het die sg. Gesuiwerde Nasionale Party destyds genl. Hertzog se nasionalisme verdag gemaak en geskimp op sy sogenaamde Britsgesindheid? Waarom het dr. Malan in 1933 die volk geskeur omdat genl. Hertzog dan „sy-kouse" sou aangetrek het as hy, wat dr. Malan is, in 1949 deur sy eie sowel as die Londense koerante gehuldig word as die „redder van die Empire" — 'n onderskeiding wat selfs genl. Hertzog nooit te beurt geval het nie! Waarvoor het die Gesuiwerde Nasionale Party dan gestry sedert 1933 as dr. Malan in 1949 'n Engelse republiek met oorsprong in Londen bepleit?

Wat was dr. Malan se motiewe in 1933?

Nommer twee. Ek onthou goed dat dr. Malan ons Afrikaners geskeur het in 1941 omdat, soos hy beweer het, die O.B. op sy party se terrein gekom het toe die O.B. 'n nasionale republiek bepleit het in die bekende pamflet een van 1941. In 1941 skeur dr. Malan die volk oor dieselfde republiek wat hy in 1949 in Londen verloën.

Is dit eerlik?

'n Laaste saak. Indien die volk en by name die Afrikaners in die H.N.P. hierdie optredes van dr. Malan sonder protes aanvaar en sodoende goedkeur dan gee ek die O.B. op nog 'n punt gelyk. Dan is dit noodsaaklik dat ons volk 'n nuwe lewensbeskouing moet aanvaar waarin eerlikheid en beginselvastheid as deugde geken sal word.

## VERSKONING

Jeughoofkommandant Ben Pienaar, Bevelvoerende Boerejeug-offisier van Gebied A, skryf:—

Ruiterlik wil ek hiermee nederig om verskoning vra aan alle ouers en plaaslike leraars waar onder my leiding en onder besondere omstandighede 'n Boerejeug-offisierslaer in die Pinkstertyd op 4 en 5 Junie te Stellenbosch gehou was. Ons Boerejeug is kennelik bewus van die ernstige taak wat iedere Christen vandag en van oudsher af, alle dae van ons mensebestaan, ons voor die deur wag. En dis daarom dat die inspirasie van die Pinksterfeeste vir ons 'n diepe betekenis het en 'n ondervinding inhou wat ons nie wil verbeur nie.

Nietemin wil ons dit aan belangstellendes meld dat ons in ons swakheid ook daarvoor probeer vergoed het deur ons eie eenvoudige dog indrukwekkende diens ieder aand te hou — daar in die veld, digby die natuur en ons Skepper. Maar vir die gemis, selfs vir twee dae uit ons familiekring en gemeentelike samekoms waar my Boerejeug-offisiere meer as hul plek volstaan, kan daar kwalik voor vergoed word.

## Kommuniste Neem Kerk Oor

Die Kommunistiese regering in Tsjeggo-Slowakye het aangekondig dat die staat die kerk sal oorneem. Dit is gedoen ten spyte van die protes van die Katolieke kerk. Die reg van die Vatikaan om hom met hierdie saak in te meng, is ook deur die Kommuniste verwerp.

Gedurende die afgelope maande is herhaaldelik aangekondig dat Katolieke priesters in die tronk gegooi is omdat hulle teen die Kommuniste werk.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Tweeslagtige Onthulling Van Monument

**Mnr. P. W. Kloppers, Robertson, skryf:**

Toe wyle genl. Botha Eerste Minister was het hy dit in sy dag goedgedink om Dingaansdag op Paardekraal op staatskoste te vier. Sy daad is egter daar ontbloot deur die sing van „Tipperary" en „Keep the Home Fires Burning." Terloops die nasionaliste van destyds het geweier om die fees by te woon.

Die Eerste Minister van vandag gaan ook die Voortrekker-Monument op staatskoste onthul. Maar hy is nie 'n republikein van die Voortrekkersoort nie: hy is 'n Empire-republikein van Joseph Chamberlain se soort. Nou kan hy die „King" daar na hartelus laat sing net soos „Keep the Home Fires Burning" destyds op genl. Botha se staatsfees gesing is. Maar ons Eerste Minister mag nie op sy fees die Transvaalse Volkslied — Dat Vrye Volk — of selfs Die Stem laat sing nie. Dit sal huigelary wees.

Die vraag is nou: wat is die verskil tussen die twee genoemde **Eerste Ministers** wat as **politieke leiers** teen mekaar gestaan het?

En is die O.B.-republikeine van die egte Voortrekker-soort nie geroepe om liefs van dr. Malan se feesdag 'n dag van verootmoediging en gebed te maak nie?

Algaande word ek meer en meer oortuig dat die Ossewabrandwag vandag die plek inneem wat die Nasionale Party in 1912 ingeneem het. Die H.N.P. van vandag vul die plek van die Sappe van 1912 en die Verenigde Party van vandag staan in die plek van die Unioniste van destyds. Selfs die toenadering tussen die H.N.P. en die V.P. vandag voer mens terug na die destydse eenwording van die Sappe en die Unioniste.

As hierdie mense die Voortrekker-Monument gaan onthul in die taal van die Voortrekkers se veroweraar dan mag die O.B. aan sodanige onthulling tog geen deel hê nie.

(Behalwe dat dit 'n staatsfunksie sal wees waarop die „gelyke regte" van die „twee seksies" gewaarborg sal word, is dit nog nie bekend of „God Save the King" daar gespeel sal word en die Union Jack daar sal wapper nie. Dit sou in elk geval beter wees dat die volk vroegtydig teen sulke gebeurlikhede beswaar maak as die republikeinse deel later sal moet besluit om weg te bly en die huldiging van ons Voortrekkers aan vreemdelinge oor te laat. Per slot van sake is dit 'n bittere ironie dat ons 'n Afrikaanse fees onder 'n „Smelter-bewind" in 1938 gevier het, terwyl ons blykbaar nou onder 'n Nasionale bewind opgeroep word om 'n „dubbelmedium"-fees te vier.—Red.)

## Warm Water Op Treine

**Mnr. P. O. Sauer (Minister van Vervoer) het in die senaat in die vooruitsig gestel dat hooflyntreine van warm water voorsien gaan word.**

**'n Proefneming is met 'n warmwatertoestel op een rytuig gedoen. Dit was bevredigend. Proefneminge sal nou met 'n hele trein gedoen word. 'n Hele klomp nuwe rytuie wat tans gemaak word en bestel is, het warmwatertoestelle.**

# 75-JARIGE GEE SY INDRUKKE VAN DIE HUIDIGE WÊRELD

**Mnr. Jan Hamer, Somerset-Wes, skryf:**

Ek is eintlik nie meer 'n koskuiken nie, maar al 75 jare in hierdie gekke wêreld, waarin Waarheid 'n „verboten" artikel is, en woorde 'n gerieflike skuifmeul geword is. 'n Drankhandelaar het eendag drie bottel dop, met die etiket „Apostle Brandy" beplak; ek wys hom daarop en hy sê: „Die mense drink mos die label". Ons vind hiervan aldag voorbeelde:

**DIE WESTERSE BESKAWING??**

Aan die vrugte ken ons die boom. Hier is ons diamante en goudvelde, ons taal, republieke — weg geskaaf en 26,000 vroue as skaafsel vernietig. Krugerisme en die Westerse beskawing, hier deur Van Riebeeck geplant, moes verwoes word — snaakse gedoente, né! Die „beskawing" hier het onder drie letters begin — „Bible (sendelinge), Brandy en Bullets". — N.B. hoe ons beskaaf is — daar bly byna niks oor nie!

Wat die Weste betref, daar het hulle so onder mekaar geskaaf — dat 'n moordkuil 'n grap daar is. Dis die broeiplek van barbarisme, paganisme en nihilisme, 'n soort likwidasie, onbeperk. Helaas, die voorpoorte van die Hel en onmenslikheid is bereik. Onenigheid is hulle hoogste doel en strewe — waarheen?

**DEMOKRASIE?**

Daardie veelkoppige monster is 'n kwaksalwersmiddel en laat 'n mens dink aan Esopus en die waarheid. Hoe demokrasie vir 'n kapitalistiese wêreld kan bestaan weet Joos alleen seker net as 'n gerieflike potdeksel. „Comparisons are odious", maar dis demokrasie se kos. (Graag sou ek die boek „Modern Democracy" deur Lord Bryce te lese wou kry). Demokrasie is maar 'n ander naam vir Diktator.

**REPUBLIEK**

Daardie „Sovereign Independance- 20 Bob Freedom" is mos nie 'n staat nie — dis 'n simbool? Maar wat is daar nou eintlik verkeerd met 'n Republiek? Die twee grootste en sterkste moondhede is dan Republieke, en het die Wêreldoorlog gewen.

**MENSEREGTE — NEURENBERG?**

Die vraag is immers — wat is REG en vir watter MENSE?

(vervolg op bladsy 6, kolom 3)

K95



*ná die*

***SKEER . .***


Hou daardie fris gevoel na die skeer langer— bring K.W.V.-Eau de Cologne aan sodra u geskeer het. Dit is uitstekend vir gevoelige velle, en u sal hou van sy verfrissende prikkeling!

KWV

*-Eau de Cologne*

PRODUK VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.



Heferleerling Jannie Vermeulen.

**Stoere Manlikheid kan u ook verkry**

**Skryf aan:**

Die Hefer-instituut van Gesondheid en Liggaamsontwikkeling, Posbus 3494, Kaapstad.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u kursusse.

Naam (Mnr./Mev./Mej.) .............

.............

Adres: .............

.............

Ouderdom: .............

O.B. 25/5/49.

- ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

**WEES BESKERM!**

*BRAND-Assuransie by—*

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

BESTEL ALTYD ALLE

- KANTOORBENODIGDHEDE
- KANTOORMEUBELS
- SKRYFBEHOEFTES

BY

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### DOODBERIG

**BRINK.** — George, oorlede op sy plaas, Botlierskop, Mosselbaai, in die ouderdom van 72 jaar. Diep betreur deur sy eggenote, twee kinders, susters en broers. Namens sy familielede, sy suster en swaer, K. en F. Robertson, Kleinfontein, George. 8/6/1B.

### ALGEMEEN

**GRATIS PRYSLYS**

Vir 'n gratis pryslys van vars Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad skrywe aan **Kango Saadkwekers**, Posbus 107, Oudtshoorn. 8/6/TK.

### BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store**, Elim, K.P.

T.K.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers**, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### SAAD

Goewermentsgesertifiseerde groentesaad: Chantenay wortel 6/6, Detroit en Egiptiese Plat Beet 7/6 posvry. Greenfeast Saaderte (handuitgesoek) 1/- lb. £6 10s. 200 lb. sak. Harricot bone £4 10s. v.o.s. Oudtshoorn. **Kango Saadkwekers**, Posbus 107, Oudtshoorn. 18/5/TK.

### MEDISYNE

**BLY JONK.** Gryshaarwonder verras die wêreld. Herstel gryshare tot natuurlike kleur, verwyder skilfers, ens., of geld terug. Geen kleurstof. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels**, Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 3) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW**, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TE KOOP

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers, 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3-. — **Zeeman**, Robertson. TK/30/3

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4,** Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TP

**G. A. FICHARDT Bpk.**
**HANDELAARS**
BLOEMFONTEIN

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

*Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

# L.V.'s BESPREEK KRISIS IN GEES VAN GROOTSTE LIGSINNIGHEID

**Indien die publiek op die galerye die toesprake wat Donderdagaand in die volksraad afgesteek is na aanleiding van die invoerbeheer en die Unie se ekonomiese posisie, as basis moes neem vir die manier waarop die Unie se ekonomiese moeilikhede aangepak sal word, dan sou hulle gewanhoop het oor die moontlikheid dat die ekonomiese ewewig weer herstel sal kan word, want ten spyte van hierdie ernstige vraagstuk, kon die meeste lede niks meer tot die debat bydra as stuitlikhede, verwyte en pogings om partyvoordeel te behaal nie.**

Die debat is ingelui deur die Minister van Ekonomiese Sake wat 80 minute lank die ekonomiese posisie en invoerbeheer verduidelik het. Ten spyte van die objektiewe manier waarop mnr. Louw sy toespraak gelewer het, het die opposisie gedurig gesit en giggel, geklike opmerkings gemaak en die spot gedryf. **Dit was duidelik dat hulle terdeë van hul kanse gebruik gaan maak om soveel moontlike voordeel uit die Unie se ekonomiese ellende te haal deur die regering in onguns te bring.** Toe hulle kans aanbreek, het hulle dan ook getoon tot watter laagtepunt 'n debat gevoer kan word oor 'n groot vraagstuk. Hulle het nie verder gekom as om honend te praat dat die Unie nou op 'n skraal diëet is waarmee kasterolie gepaard gaan. Die een spreker na die ander het slim woordspelinge met hierdie twee gedagtes gemaak. Onder hulle is manne soos mnre. A. E. Robinson, J. H. Russel, en F. Waring.

#### „NOU LAG HULLE"

Uitgelok deur die V.P. het die H.N.P.-lede ook nie op hulle laat wag nie en die debat het 'n dramatiese hoogtepunt bereik toe dr. A. J. R. van Rhijn die opposisie daarvan beskuldig dat hulle die ekonomiese moeilikhede wil gebruik om weer die land te regeer deur die regereing in onguns te laat verval. Hy het ook verwys na hul houding enkele jare gelede toe 'n goudlening aan Engeland gemaak is. Toe was hulle gesigte ernstig en hulle was bekommerd, maar nou dat die Minister 'n saak van lewensbelang vir Suid-Afrika bespreek, nou lag hulle.

**Dr. Van Rhijn, wat 'n besonder sterk stem het, se toespraak is begroet met 'n koor van stuitlike uitroepe van „Harder, harder!" en ten spyte van sy harde stem en die beroep van die voorsitter om orde, was hy dikwels onhoorbaar soos hy uitgejou en toegeskree is.**

#### NET SO

En toe mnr. Hamilton Russel (V.P.) opstaan om te praat en honend praat van die kasterolie en skraalkos waarop die Unie sal moet leef, was dit weer die beurt van die regeringslede om hom uit te jou en dr. Van Rhijn het selfs op 'n punt van orde gevra dat die lid harder moet praat!

**Van verskeie kante is daar teleurstelling uitgespreek oor die peil van die debat wanneer so 'n ernstige vraagstuk bespreek word.** Onder hulle is dr. N. Diederichs wat die opposisie beskuldig het dat hulle uit die nood van die volk politieke munt wil slaan, asook dr. Jan Steyn (A.P.) wat hom uitgelaat het oor die hansworsery. Ook mnr. D. J. Mostert het sy teleurstelling uitgespreek oor die peil van die debat terwyl so 'n ernstige saak bespreek word.

**En dan vra die man op straat en die boer op sy plaas wat nie die kans kry om die volksraad in sy werklike kleure te sien nie: Waarom word ons vraagstukke nie opgelos nie? Hy sal die antwoord vind as hy 'n paar debatte van die volksraad kan bywoon.**

## Regering Se Politieke Boeke

(vervolg van bladsy 4, kol. 5)

die strydkreet: „Red blank Suid-Afrika!" Apartheid van die verskeie rassegroepe was die verkondigde beleid — ook by die latere provinsiale eleksies. Dog, nòg voor, nòg na die eleksies, is die konkrete inhoud van sodanige beleid deur die H.N.P. geformuleer. **Dit moet aangemerk word as 'n belangrike debiet. Sporadiese, nie-amptelike meningsuitings was daar wel, en slagspreuke in oorvloed, maar dit is waardelose munt.** Die konkrete kristallisasie van die beleid het ek opsommend probeer gee in die „balansstaat" onder pos II. Die „belofte"-items (7, 8 en 9) hoort streng gesproke eintlik aan die debietkant. As „goodwill' het ek dit egter op kredietkant gepos.

#### TE NEGATIEF

**By die gebrek aan konkreetheid en helderheid kom m.i. nog 'n ander belangrike debiet-item, nl. die ontaktvolle hantering van die vraagstuk, deur steeds met die negatiewe te begin (staking van skoolvoeding en beurse) en die positiewe slegs in belofte te gee. Dit gee alleen aanleiding tot opsweping, agit sie en wantroue.** Daarby bring selfs die kredietitems geen beeld van konsekwente beleid nie, en bied alles tesame nog nie eers die begin van 'n werklik kragtige apartheidsgedagte nie.

Met sy herroeping van die Indiërwetgewing t.o.v. verteenwoordiging in blanke bestuursliggame het die Minister van Binnelandse Sake 'n betreklik maklike taak gehad, deurdat die maatreëls ten gevolge van Indiërverset nie in werking was nie. Sou hy dit kon doen as die posisie anders was? Werklik lofwaardig was die poging van die Eerste Minister om die hele rassevraagstuk bo die partypolitiek te stel. Dit moet as 'n sterk krediet gestel word.

**Wat rasse-aangeleenthede betref het die regering, alles in aanmerking genome, die geërfde debiet baie weinig verander. Hy sal in die oorblywende vyf jaar nog uiters baie moet doen, as hy dit van 'n debiet na 'n kredietpos wil omskep.**

(SLOT VOLG)

## SAMESWERING IN FRANKRYK

Die Franse polisie het die naweek 'n sameswering ontdek om die Franse regering omver te gooi. Onder die sestien persone wat in hegtenis geneem is, is ook volgelinge van De Gaulle. Die Sentrale komitee van die De Gaulle-beweging ontken egter enige deelname aan die komplot en verleen hulle steun aan die polisie.

## 75-Jarige Se Indrukke

(vervolg van bladsy 5, kol. 5)

Die TOP DOG se reg oor die UNDER DOG? Uit die gruwelkamer van die WESTE — waar die REGTE MENSE, met drank en wraak-deurdrenkte breine, word die een na die ander Fiasco gebore — die VET VROUE-organisasie, ook 'n opdrifsel van magtelose dwaasheid. Ag en daardie rommelkamer van Westminster — waar die gruwelstuk bedrog — STEMREG uitgebroei het — om verdeeldheid te saai en burgeroorlog te bestendig — ten koste van landsbelange en voordeel van die kapitaliste. Gelykstelling en gelyke regte in 'n wêreld van onreg en differensiasie, wat 'n raaisel?

#### EWOLUSIE

Snaakse woord — DEwolusie — Die koffiemoer sak af en word vermeng met die bostaande afsaksel wat die groot meerderheid van die mensape uitmaak — die skrikbeeld van die toekoms.

#### MODERN

Wat nou is, was mos alreeds gewees — die maan vernietig deur sy atoommense, 'n nare beeld van wat was. Die Mens? in die nuwe wêreld, wat niks anders as die oue is nie, net oorgepleister en geverf — met 'n leë maag — wat deur hongersnood bedreig word — die siellose mens, wat mammon as koning vereer.

Waar het Jannie Smuts ons arme volkie heen gevoer — die poorte van ondergang staan wyd ope, en ons ratel die ekonomiese kettings, en word deur bogpraatjies van koers gebring. Koos was Sondagmôre eerste klaar. Vroutjie: „Ou man sal jy Jannie (wat van niks anders as 'n driewiel praat) saam met jou neem?"

Koos stem in en neem sy wandelstok — by die eerste winkel merk hy 'n driewiel — meteens gee hy Jannie die stok om te ry — tot hy by die gevaar verby was.

## Swaar Toets Vir Min. Strydom

(vervolg van bladsy 3, kol. 5)

uit die verkiesing gekom het. Met 'n enkele vingergebaar is hy met 'n junior-status binne die kabinet beklee, en geen protes van sy kant kon iets daaraan vermag nie. **Die hoofleier voer die hoogste gesag en wat hy sê word partybeleid.**

#### 'N TROOS

Dit mag 'n troos wees om te weet dat daar nog duisende republikeine binne die H.N.P. is wat glo aan afskeiding van die Britse Ryk, dit mag ook 'n troos wees om te weet dat 'n man van die kaliber van mnr. Strydom daardie ideaal in sy hart koester, maar mnr. Strydom sal nie lank toegelaat kan word om teen sy hoofleier se beleid uitlatings te doen nie, **veral nie wanneer sy eie koerant die hoofleier se standpunt moet goedpraat en kritiek op sy beleid moet stilmaak nie.**

#### OORSAAK VAN KOMMER

Mnr. Strydom mag sy volgelinge intussen troos met die idee dat ons „stap vir stap" na ons eindideaal beweeg, **maar die geskiedenis het geleer dat 'n nasionale hart op 'n imperiale pad by die verkeerde bestemming uitkom.** En dit is juis ons grootste kommer op die oomblik, want hoewel ons binne die O.B. die gerusstelling het dat daar 'n nasionale regering aan bewind is wat die welvaart van Suid-Afrika vooropstel, soos verlede week in ons blad beklemtoon, **het ons aan die anderkant ook die pynlike sekerheid dat die nasionale bewind deur die optrede van die Eerste Minister nou op 'n Britse spoor gewerp is.** Wanneer ons by monde van ons Eerste Minister voor die wêreld bely dat ons **„binne die Statebond WIL bly, selfs al word Suid-Afrika 'n republiek"**, dan is ons op die Britse spoor gegooi en beywer ons ons vir die belange van Brittanje en die instandhouding van sy Ryk, soos dr. Malan erken het in sy toespraak waarin hy gewag gemaak het van die skade wat veral Brittanje op handelsgebied sou gely het indien Indië uit die Ryk sou tree.

#### LIG GESIEN

Daarom vrees ons dat min. Strydom met al sy mooi ideale van 'n „eindbestemming" „onafhanklik van enige ander nasie" nêrens sal kom solank die party waaraan hy behoort weens die standpunt van sy hoofleier die draer van moderne Britse imperialisme geword het in gevolge 'n besoek van ene sir Percival Leisching wat die hoofleier „die lig laat sien het", soos genl. Smuts dit triomfantelik beskryf.

**Die verlede het getoon dat harde republikeine later verklaar het dat hulle „nooit weer vir 'n republiek sal veg nie", en dat hulle selfs republikeine geskiet het, wanneer hul hoofleier op die Britse spoor van „konsiliasie en samewerking met die Britse Ryk, wat nou 'n ander Ryk is", tereg gekom het.**

Mnr. Strydom is bekend as 'n konsekwente leier — een van die konsekwentstes in die partypolitiek — maar ons vrees sy volharding gaan aan 'n baie swaar toets onderwerp word.

**BRILLE**
**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 8 JUNIE 1949

## WAT „VUURSLAG" BETEKEN

**Hoe sou jy probeer om die koffiewater te laat kook as jy by die piekniekplek aankom en die vuurhoutjies is tuis vergeet? Nou ontdek jy eers watter groot gerief 'n eenvoudige dosie vuurhoutjies is en watter omslagtigheid dit is om op 'n ander manier 'n vlammetjie te kry.**

'n Manier wat algemeen bekend was by die Boesmans en ander ou volke was om 'n harde, droë, stokkie vinnig tussen diehande heen en weer te rol. Die end van die stokkie pas in 'n gaatjie wat in 'n sagte, droë, houtstomp gemaak word. Om die gaatjie word fyn grassies en blaartjies gepak, sodat die vonkies wat later uitslaan (as gevolg van die hitte wat afgegee word deur die draai van die stokkie) dit aan die brand sal steek.

Die Voortrekkers het soms in die veld vuurgemaak op hierdie manier en ook deur 'n bietjie kruit in 'n lappie te rol en dit dan tussen twee klippe met 'n harde hou aan brand te slaan. In die huis het hulle egter die **Tonteldoos** gebruik.

**VUURSTEEN**

Dit is 'n kokervormige koper pypie van omtrent 3 duim lank. Binne-in is droë linne lappies wat ons die tontel noem. Aan die onderkant pas 'n koperproppie net mooi binne-in die pypie en word gebruik om die tontel op te druk soos dit bo uitbrand. Hierdie proppie is met 'n kettinkie vas aan die koper dekseltjie wat bo-op die pypie pas. Dan is daar nog die **Vuursteen**, 'n ronde plat steen wat bo in die tonteldoos gebêre word, en die **Vuurslag**. Dit is 'n eiervormige staalring waarin die 4 vingers van jou hand pas. Die vuurslag hang gewoonlik aan die ketting van die tondeldoos.

Om 'n vlammetjie te kry, word die Tonteldoos en Vuursteen in die linkerhand gehou, en met die regterhand word die Vuurslag dan teen die Vuursteen gestryk sodat die vuurvonke spat en op die lappe val. Die tontel word nou aangeblaas totdat dit aan die brand is en dan word die pyp of vuurtjie aangesteek.

Vanaf ongeveer 1845 het die Trekkers met vuurhoutjies kennis gemaak, maar tot 1860 is die Tonteldoos en Vuurslag nog algemeen gebruik.

Verstaan julle nou waarom ons Jeugleier die naam VUURSLAG aan ons bladjie gegee het? Hy wil vonke sien spat, veral in hierdie jaar wanneer ons gaan saamtrek by Pretoria. **Kom Boerejeug! Aan die Brand!**

## Hiervan En Daarvan

**RAPPORTE:** Ons verwys na Boerejeug-Bevel J/A 9/49 waarin Veldkornette versoek word om hulle rapporte voor 7 Julie aan die Jeug-Hoofkommandant, Posbus 1411, Kaapstad gestuur moet word. Hierdie bevel is slegs van toepassing op Gebied A.

**VUURSLAG:** Offisiere word versoek om so gou as moontlik in te teken op ons Offisiersblad, VUURSLAG. Deur te lank uit te stel, verloor hulle daardie belangrike inligting wat nou aan ons verskaf word, deur middel van VUURSLAG. Skryf dadelik aan: BOEREJEUG-HOOFKWARTIER, POSBUS 1059, PRETORIA.

## NUUS UIT PRETORIA

Uit Pretoria het ons berig ontvang dat die klomp hard besig is om reëlings te tref vir 'n braaivleis-aand wat die 4de Junie gehou sal word. Die Boereseuns van Gezina is by geleentheid van 'n vergadering aangesê om die aand vir die brandhout te sorg. Vanselfsprekend was die seuns baie trots om op die wyse ook hul bydrae tot die byeenkoms te lewer.

Onlangs is die veldkornetskap deur die dogters uitgenooi vir 'n uitstappie na die Voortrekkermonument. Die seuns het dit terdeë geniet.

Hoewel hulle nie baie lede het nie is die wat daar is besonder fluks. Die seuns is bly om te lees van ander veldkornetskappe en veral om te verneem dat Kaapstad se Jeug so bedrywig is. Soos ons, wens hulle egter ook om nog meer van ander plekke te hoor.

## VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats het in die afgelope week verjaar Ons wens hulle 'n baie geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

**JUNIE**

2 Hester Retief, Paarl.
Pieter Gunter, Paarl.
Maria Sharpe, Oudtshoorn.
3 Ivan Vorster, Loxton.
Albertyn Smit, Malmesbury.
Maria Vorster, Loxton.
Erika Söhnge, Stellenbosch.
William Morland, Franschhoek.
4 Hendrik de Beer, Kakamas.
Dirk Wagener, Oudtshoorn.
Annie Geldenhuys, Franschhoek.
Alma de Kock, Paarl.
5 Arnoldeen Dempers, Heidelberg, K.P.
Andre Siebrits, Franschhoek.
6 Rachel Hugo, Rawsonville.
8 Marita Broodryk, Loxton.

## Hoofkwartier van Boerejeug Nou In Kaapstad

**Die Hoofkwartier van die Boerejeug is van Pretoria oorgeplaas na Kaapstad. Die nuwe adres is Posbus 3471, Kaapstad. Alle korrespondensie moet dus voortaan hierheen gerig word. Verdere aankondigings in verband hiermee sal later gedoen word.**

## AAN ALLE LESERS
### Baie Belangrik

**Ons wil graag vir elke persoon, kind of volwassene, wat in hierdie blad, DIE BOEREJEUG, belangstel en 'n gereelde leser daarvan is, vra om meegaande vormpie dadelik in te vul en aan ons terug te stuur. Ons neem hierdie stap in ons lesers se voordeel, die rede waarom hulle later sal uitvind.**

**As daar meer as een leser in 'n huis is, is een vorm vir so 'n huisgesin genoeg.**

**Stuur dadelik die vormpie, anders gaan jy dalk later spyt wees dat jy dit nie gedoen het nie.**

**AAN:**

**Die Redakteur,**
**„DIE BOEREJEUG,"**
**Posbus 1411, Kaapstad.**

**Ek is 'n gereelde leser van ons blad, DIE BOEREJEUG, en sal bly wees as u my naam vir rekord-doeleindes op u register plaas.**

**VAN**.......................................................

**VOORNAME**..............................................

**ADRES**....................................................

.............................................................

**Ouderdom**.................. **Datum**...................

**Ek is lid van die Boerejeug — JA/NEE**

**'n Oop koevert met 'n ½d.-seël sal genoeg wees.**

## BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
8 Junie 1949.

Beste Boerejeug-Maats,

Baie dankie vir al die briefies wat ons hierdie week ontvang het. Ook wil ons die maats en vriende wat reeds hulle vormpies ingestuur het bedank. Jonk en oud het van hulle laat hoor. Ons hoop die ander sal ook nou opskud. Ons wil net daarop wys dat dit **nie nodig is om 'n koevert en seël saam te stuur nie.**

FRANS MARAIS, ELANDSKRAAL, P.K. HOMTINI, OOR GEORGE, skryf dat hy 12 jaar oud en reeds in std. 5 is. Hy help sy Pappie wanneer hy in die aand by die huis kom met al die werksaamhede op die plaas. Frans lees graag DIE BOEREJEUG en kan nie wag totdat hy die volgende uitgawe ontvang nie. Hy wil graag weet hoe die ander maats met die eksamens vorder en hoop dat hulle hoë punte sal behaal. (Dit is baie mooi van jou, Frans, om jou Pappie so mooi te help op die plaas. Ons voel sommer lekker as maats graag ons blad lees.—Red.)

E. A. NEL, P.K. WILGENHOUTSDRIF, OOR UPINGTON, skryf dat hulle afdeling ook graag van hulle laat hoor. Veldkornet Nel skryf dat hulle gewoonlik baie moeilikhede in verband met vervoer na laertrekke ondervind, as gevolg dat daar by hulle geen trein- of busdiens is nie. Hulle woon maar gewoonlik die laertrekke van Upington by. Op hulle terugtog van die April-laertrek het hulle by hoofkomdt. Strauss aangedoen waar hulle sy moderne melkery besigtig het.

VELDKORNET P. VAN DER WESTHUIZEN, van Pretoria het aan ons geskryf dat baie van die name wat in die Verjaardagketting, van Pretoria, verskyn nie meer lede van DIE BOEREJEUG is nie. (Baie dankie vir die inligting Veldkornet, die registers is al 'n bietjie verouderd en ons stel ondersoek in.—Red.)

NOORDEWIND, (Veldknt. Van Rhyn) van Kanoneiland het aan ons 'n beriggie gestuur wat ons ook in hierdie uitgawe plaas.

KOMMANDANT HITGE, van OUDTSHOORN vra of ons hom miskien kan laat weet waar 'n mens „Sam Brownes" in die hande kan kry. (As u vir ons £2 10s. stuur, sal ons sorg dat u een kry. U moet net meld wat die mate om u middel is en die lengte van die skouerband. Hoofkwartier beskik nie oor 'n voorraad nie, maar ons kan vir u dit laat maak by 'n firma hier in die stad.—Red.)

MAAT CORRIE MARAIS, ELANDSKRAAL, P.K. HOMTINI, het vir ons 'n lekker koekresep gestuur. Sy vertel verder hoe koud dit nou daar by hulle is en hoe lekker dit is wanneer hulle saans by die kaggelvuur 'n lekker koppie tee geniet. (Baie dankie vir die resep, Corrie, ons plaas dit elders op hierdie bladsy.—Red.)

Volgende week sal al die eksamens darem seker al verby wees, nie waar nie, maats. Laat ons van julle hoor en laat weet hoe dit met die eksamens gegaan het.

Boerejeug-groete,

DIE BOEREJEUG-REDAKSIE.

## Resep

(Ingestuur deur Maat Corrie Marais)

**KLAPPERKOEK**

**Benodigdhede:**

1½ Koppie meelblom,
½ Koppie botter,
1 Koppie suiker,
¾ Koppie melk,
2 Teelepels bakpoeier,
Wit van 3 eiers,
¼ Teelepel sout.

**Metode:**

Klits botter en suiker tot room. Voeg die ander bestanddele by, heel laaste die styfgeklitste eier. Bak in 'n middelmatige oond. Gooi die deeg in twee gelyke dele in panne en bak in 'n middelmatige oond. Maak 'n klapper-vusel en sit die twee koeke opmekaar wanneer dit koud is. Versier met versier-suiker en strooi 'n lagie klapper daaroor.

Maats, dit is 'n heerlike koek, veral by sulke koue aande om die vuur.

**Besit u al 'n BOEREJEUG-UNIFORM?**

## AANBEVELINGS DAT BEHEER MOET BLY

**Die parlementêre komitee wat ondersoek ingestel het na die moontlike afskaffing van die noodregulasies, het bevind dat prysbeheer, huurbeheer, oorlogstoelae, beheer oor die losiesgeld wat hotelle en losieshuise vra, beheer oor steenkool, en beheer oor voedsel nog jare gehandhaaf sal moet word.**

Ander maatreëls wat die komitee meen nog van krag moet bly is die beheer oor vleis, beheer oor koelkamers, opgaar van voorrade ens. Normaalweg moes die noodregulasies teen die middel van 1950 verval het, maar daar word gevoel dat baie van die regulasies nog lank na hierdie datum van krag sal moet bly.

Sommige van die noodregulasies sal waarskynlik in wetgewing opgeneem word. **Onder hierdie is die bepaling wat verbied dat meer as 20 persone vergader. Hierdie bepaling word gebruik om agitasie onder naturelle teen te gaan en sal waarskynlik by die Wet op Oproerige Byeenkomste ingelyf word.**

Onder die wat aanbeveel is om geskrap te word is regulasies wat handel oor die rantsoenering van kunsmis en die bemarking van droëvrugte beheer.

Bestudering van die aanbevelings laat mens tot die gevolgtrekking kom dat al die regulasies waaroor die meeste ontevredenheid ontstaan het, nog van krag sal bly omdat toestande nog ver van normaal is. Daar bly dus heelwat propagandastof oor vir die huidige opposisieparty, wat wanneer hy aan bewind sal kom, die noodregering sal bly voortsit soos hy dit tot 1948 ook maar gedoen het.

# Halwe Maatreëls Teen Kommuniste Is Water Op Moskouse Meule

**Onderwyl die Minister van Justisie sy bes doen om te verhoed dat die Kommunistiese parlementslid, Sam Kahn, in Transvaal naturellegehore toespreek, is die Kommunistiese persorgane besig om in die felste taal gevoelens teen die regering op te sweep, en word die verbod op vergaderings in die noorde juis vir die doel uitgebuit. „Waarom is dit dat mnr. Kahn wat talle vreedsame vergaderings in Kaapland toespreek, skielik ‚gevaarlik' word wanneer hy die Transvaal binnegaan?" vra die Kommunistiese Guardian.**

„Of mnr. Swart dit bedoel of nie, hy is besig om 'n gevoel van bittere verydeling en haat by die naturelle te laat posvat — iets wat moet gebeur wanneer hulle die reg van politieke uitdrukking ontsê word. Die klippe wat verlede Sondag gegooi is, is maar die eerste tekens van die uitbarsting wat sal volg as die regering aanhou met hierdie taktiek," vervolg die blad.

**„Die Naturellebevolking word na w..hoop gedryf. Agtervolg deur paswette, geboelie deur die polisie, verkoop aan die boere, met al hul voorregte en regte weggeneem, hul vergaderings in die ban gedoen, watter pad is daar vir hulle oop indien hulle hul griewe herstel wil hê? Na watter toekoms kan hulle uitsien in hierdie land van hulle?"**

**„SLAWEMARK"**

Die blad het ook berigte onder groot opskrifte van „Johannesburgse Slawemark" waarin die stelsel om naturelle-oortreders op plase te laat werk beskryf word as 'n rekruteringsburo vir slawe-arbeid. Die proses in die hof word beskryf as 'n soort „fabrieksband" wat die gevangenes in snelle opeenvolging moet lewer teen 'n tempo van een per minuut.

**Dit behoort tog duidelik te wees d..t mens nie kommunisme op hierdie wyse teen kan gaan nie. Dit help nie om 'n polisievangwa agter die Kommunistiese L.V. aan te stuur om die vergaderings wat hy belê het op te breek, wanneer daardie vergaderings toevallig in Transvaal pl..asvind en nie in Kaapland nie.** Die naturelle verstaan hierdie soort optrede nie en beskou dit as uittartende maatreëls.

**As Sam Kahn goed genoeg is om in die parlement te sit en selfs by hoofdelike stemmings sy plek langs die Minister van Arbeid gaan inneem, as hy goed genoeg is om naturelle van die Ka..p toe te spreek en te verteenwoordig, dan, so sal hulle redeneer, moet die optrede in Transvaal nie teen Sam Kahn gemik wees nie, maar teen hulle. En dit is presies wat die kommunistiese blaaie suggereer. Dit is die naturelle wat „verydel" word, dit is hul vergaderings wat opgebreek word en dit is hulle wat nie uiting ..an hul griewe kan gee nie.** So word dit voorgestel.

**MOSKOU SE BEGEERTE**

Ons vrees dat halwe maatreëls soos hierdie slegs water op die kommunistiese meule is. Dit is presies die soort ding wat Moskou voor watertand. **Moskou se dissipels is nie daarop uit om die naturelle se griewe te herstel nie, maar juis om hulle griewe te gee.** Die werk-metode van Moskou se vyfde kolonne is om ontevredenheid aan te blaas en hoe meer griewe geskep kan word, hoe beter vir die proletariese revolusie.

Daar is slegs een metode om teen die kommunisme op te tree en dit is om hom die totale oorlog aan te sê. **Hy moet geen vatkans aan 'n volk kry nie. Hy moet geen staanplek in 'n land hê om sy verdorwe leer te verkondig nie — geen parlementslede en geen koerante nie en allermins diplomatieke verteenwoordigers wat selfs deur Ministers daarvan beskuldig word dat hulle die hoofkwartier in Afrika van rooi ondermyning is.**

**STOK IN BYNES**

Maar solank Suid-Afrika wil saamspeel met die Britse opvatting van demokrasie waar 'n Kommunistiese Party toegang het tot die parlement en waar sy pers ongehinderd gelaat word om ooreenkomstig die opvattings van „vryheid van spraak" en „vryheid van die pers" onkundige massas op te sweep, solank kan niks ingrypends teen kommunistiese ondermyning gedoen word nie. En elke halwe poging soos dié om vergaderings wat klaar belê is, uit mekaar te jaag as dit in Transvaal toegespreek moet word en nie in Kaapland nie, is net 'n stokstekery in 'n byenes.

## Kommunis Vir Provinsiale Raad

Die Kommunistiese Party het 'n kandidaat in die veld gestoot vir die aanstaande verkiesing van Naturelleverteenwoordigers vir die provinsiale raad in Kaapland. **Hy is mnr. F. Carneson, sekretaris van die party in Kaapstad, en het hom verkiesbaar gestel vir die kiesafdeling Kaap Westelike. Daar word verwag dat die verkiesing in September sal plaasvind.**

# WYSHEID STEEK KOP UIT IN FRANKRYK

**Die Franse regering oorweeg tans 'n wetsontwerp wat beoog om alle ondersteuners van die Vichy-regering wat tronkstraf uitdien, los te laat en diegene wat „gedegradeer" is, weer in ere te herstel.**

Die wetsontwerp sal aan die Franse president die reg verleen om die veroordeeldes „te verskoon" en hulle sal dan vrygelaat kan word. As iemand deur die hof „gedegradeer" is, het hy al sy titels, sy werk en stemreg verloor. Indien die wetsontwerp aangeneem word, sal al hierdie persone weer in ere herstel word. **Sowat 40,000 Franse verkeer nog onder die bepalings van hierdie vonnis terwyl sowat 25,000 nog gebuk gaan onder die stigma van hierdie „degradering".**

Ten einde te verhoed dat ondersteuners van die Vichy-regering groepe vorm nadat hulle in ere herstel is, verbied die wetsontwerp sodanige groepvorminge.

**V..n die 38,000 Franse wat tronkstraf opgelê is, is 11,000 nog in die tronk.**

Net soos in Duitsland, waar alle lede van die Nazi-party uit hul werk en professies geskop is, het hierdie beleid ten opsigte van Vichy-ondersteuners 'n groot ekonomiese skade vir die land meegebring. Bekwame werkers is eenvoudig gedwing om ongeskoolde werk te verrig of hul tyd te verkwis aan dinge waarvoor hulle nie opgelei is nie.

## SOEK ELDERS WATER VIR NYWERHEDE

Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne sal hierdie week 'n besoek bring aan die landstreek tussen die Toegela en die Komati ten einde vas te stel watter moontlikheid die gebied vir ontwikkeling bied omdat dit al deel van die land is wat volop onverbruikte water het en vermoed word dat dit duisende mense 'n leeftog kan besorg.

Die gebied strek vanaf Suidoos-Transvaal tot in Noord-Natal. Daar word berig dat hierdie gebied waarskynlik net soveel mense kan herberg as wat daar in die Unie is.

Veral met die oog op die groot eise wat reeds aan die Vaalrivier gestel word en nog gestel gaan word as die Vrystaatse goudmyne begin werk, is nuwe waterontginning vir nywerhede van uiterste belang.

## ONGELOOFLIKE RYK GOUDRIF IN O.V.S.

**'n Fabelagtige ryk goudaar wat twee maal so ryk is as die beroemde Geduld-boorgat van 1946, is die afgelope week op die plaas Erfdeel, 15 myl vanaf Odendaalsrus, raakgeboor. Volgens die toets het die boorgat 56,105 duim dwt. opgelewer.**

Die streek waar die goud ontdek is behoort aan Free State Gold Areas Company, en die plaas is die eiendom van mnr. J. J. J. van Rensburg.

## Geen Goudstede In Vrystaat

**Verdere dorpe in die Vrystaatse goudvelde sal waarskynlik gestig word omdat die bestaande drie dorpe, Odendaalsrus, Welkom en Hennenman nie genoeg is nie en die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne nie groot stede in die Vrystaat wil hê nie, dog liefs 'n aantal groot dorpe.**

Volgens berekening van die Raad sal die Vrystaatse goudvelde teen 1966 'n blanke bevolking van 132,000 en 'n nie-blanke bevolking van 245,000 hê.

Die agt goudmyne in die gebied behoort almal tussen 1950 en 1953 te begin werk en sal dan waarskynlik in 1958 890,000 ton erts maal.

Teen daardie tyd sal die blanke mynwerkers sowat 10,000 tel en die nie-blanke mynwerkers sowat 80,000.

# BELEID HERROEP NA BAIE SKADE

**Onderwyl 'n H.N.P.-verteenwoordiger in die Natalse provinsiale raad nog besig was om die besluit van die regering, soos in die volksraad aangekondig, te verdedig dat naturelleskoolvoeding op die platteland afgeskaf moet word, het die Minister van Onderwys, dr. A. J. Stals, verlede Vrydag in die senaat aangekondig dat hy besluit het om weer met die skema voort te gaan omdat „ek tot die gevolgtrekking gekom het dat skoolvoeding vir dorpskole alleen nie geregverdig is nie." Hy het voorgestel dat die plan soos dit tans bestaan, voortgesit word met die uitsluiting alleen van plaasskole.**

## Gevaarlike Getorring Aan Groot Vraagstuk

Die Minister het daaraan toegevoeg dat die voedingstelsel ook vir die naturellereserwes sal geld.

In die afgelope weke het die Engelse pers en die kommunistiese koerante 'n geweldige propaganda op tou gesit na aanleiding van die eerste aankondiging van die Minister dat die stelsel beëindig gaan word. **Hoeveel skade dit aangerig het vir die gesonde verhoudings tussen blank en swart, kan natuurlik nie in syfers weergegee word nie, maar dat dit 'n geweldige hoeveelheid water laat val het op die kommunistiese meule van opsweping teen die blanke, spreek vanself.**

Denkende kringe het hierdie aankondiging beskou as nog 'n negatiewe maatreël in die reeks waarmee die regering totsover tevoorskyn gekom het in sy hantering van die kleurvraagstuk — nog 'n wegneming van 'n voorreg sonder plaasvervanging. Of die Minister se late aankondiging veel sal bydra om die kwaad ongedaan te maak, is te betwyfel. In elk geval behoort dit die regering tot nadenke te stem. **Dit is heeltemal verkeerd om aan die naturellevraagstuk te torring soos daar in die afgelope tyd gedoen is — 'n getorring wat 'n mens die indruk gee van 'n oppervlakige poging tot nakoming van verkiesingsbeloftes, maar wat in werklikheid niks tot die oplossing van die eintlike vraagstuk bydra nie.**

**VERHOUDING HOOFSAAK**

Soos tevore in hierdie blad beklemtoon lê die oplossing van die kleurvraagstuk nie in die wegneem van regte of die blote uitdrywing van nie-blankes nie, **maar in die daarstelling van 'n gesonde verhouding en onderlinge vertroue tussen die rasse. Met 'n gesonde verhouding is segregasie uitvoerbaar omdat dit dan met die medewerking van die naturelle self kan geskied.**

**Maar hoe soiets ooit verkry kan word solank daar 'n opposisie is wat betaal word vir die taak om die regering se bedoelings by die naturelle verdag te maak, en solank die regering derhalwe sy stemvee moet konsolideer met emosionele slagspreuke, gaan die verstand te bowe.**

## DUITSE KASTELE WORD NOU AFGEBREEK

Die Russe het opdrag gegee dat nie minder nie as 1,800 ou Duitse kastele en geboue in Russies-Duitsland gesloop moet word. Baie van die kastele het groot geskiedkundige waarde. Opdrag is gegee dat woonhuise van die materiaal gebou moet word.

Die Duitsers het protes by die Russe aangeteken omdat die geboue deel is van die Duitse kultuur, maar die Russe het geen gehoor hieraan gegee nie.

Die Russe, wat self jaarliks £500,000 bestee aan die bewaring van hulle eie ou geboue, besef terdeë watter kultuurwaarde die kastele vir die Duitsers het, en dit moet daarom afgebreek word sodat die Duitser geen verlede het waarop hy kan roem nie.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## 8 Augustus

(vervolg van bladsy 1, kol. 3)

Beweging nie, maar dit plaas boweal 'n dure plig op die O.B. **As enigste oorblywende draer van die republikeinse ideaal verplig die eer van die O.B. hom om hierdie grootse ideaal te dra met dieselfde luister as wat die voorgeslagte dit gedra het.**

**Ons eer is op die spel. Laat elke kommando hierdie jaar 'n uiterste poging aanwend!**

In die Boland trek die generaalskappe reeds saam vir oorweging van die taak en die verpligtings van die O.B. en sy kommando's. Verlede Maandag het genl. De Villiers Truter se generaalskap in Kaapstad vergader; die Stellenbossche Kommando's vergader môre-aand en die generaalskappe van die Paarl, Caledon, Noord-Skiereiland en Heidelberg volg eersdaags. Tydens 'n besoek aan die gebiedskantoor het genl. Jan Gouws van Groblershoop meegedeel dat sy kommando's gereed maak, om soos gewoonlik, hul funksies begin September te hou.

## Van Belang Vir Ouers

**Met die oog op die uitbouing van die Boerejeug, wil die Jeugleier graag hiermee 'n beroep op alle ouers wat kinders het wat in ander dorpe in skoolkoshuise is, doen om dadelik sulke kinders se name en adresse aan hom te stuur sodat hulle opgesoek en moontlik by die plaaslike organisasie van Die Boerejeug ingeskakel kan word.**

**Ons wil graag met alle kamerade dwarsdeur die land kontak behou, en vra dus die medewerking van alle ouers. U seun of dogter sal dadelik in verbinding gebring word met ander vriende wat hulle baie meer tuis sal laat voel in hulle nuwe omgewing.**

**Stuur sulke name aan: DIE JEUGLEIER, Boerejeughoofkwartier, Posbus 3471, Kaapstad.**